# TRACTATENBLAD

VAN HET

# KONINKRIJK DER NEDERLANDEN

## JAARGANG 1952 No. 105

Overgelegd aan de Staten-Generaal door de Minister
van Buitenlandse Zaken


A. TITEL

*Notawisseling tussen de Nederlandse en de Zuid-Afrikaanse Regering betreffende paspoort-visa; Kaapstad, 21 Juni 1952*

B. TEKST

I

DEPARTMENT OF EXTERNAL AFFAIRS
DEPARTEMENT VAN BUITELANDSE SAKE

Kaapstad, 21 Juni 1952.

Eksellensie,

Ek het die eer om te meld dat die Regering van die Unie van Suid-Afrika die volgende reëling oorweeg en goedgekeur het:

1. Die Regering van die Unie van Suid-Afrika sal gelas dat visums wat uitgereik word aan Nederlandse onderdane wat die Unie van Suid-Afrika of Suidwes-Afrika vir *bona fide* vakansie- en besigheids-doeleindes wil besoek, gratis uitgereik word.

Visums sal gebruik kan word binnen die eerste ses maande na uitreiking, en is geldig vir slegs een reis na die Unie van Suid-Afrika of Suidwes-Afrika.

2. Die Nederlandse Regering sal die visumvereiste geheel afskaf vir Suid-Afrikaanse burgers wat Nederland vir *bona fide* vakansie- en besigheids-doeleindes wens te besoek.

Hierdie reëling het slegs betrekking op toelating tot die Nederlandse Ryk in Europa.

3. Hierdie ooreenkoms onthef Suid-Afrikaanse burgers en Nederlandse onderdane nie van die verpligting om aan die geldende ver-

eistes ten opsigte van toelating, verblyf en werkverrigting te voldoen wanneer hulle na Nederland en Suid-Afrika onderskeidelik gaan nie. Persone wat niet in staat is om die immigrasie- en polisie-owerhede te oortuig dat hulle aan die genoemde vereistes kan voldoen nie, stel hulself bloot aan die moontlikheid dat aan hulle by aankoms toegang geweier word.

Hierdie brief en u bevestigende antwoord daarop sal beskou word as 'n ooreenkoms wat bindend sal bly tot verdere kennisgewing, en die reëlings sal van krag word dertig dae na die datum van dierdie briefwisseling.

Aanvaar, Eksellensie, die hernude versekering van my besondere hoogagting.

Namens die Minister van Buitelandse Sake,

(w.g.) D. D. FORSYTH
Sekretaris van Buitelandse Sake.

*Sy Eksellensie mnr. J. van den Berg,*
*Buitengewoon en Gevolmachtigde*
*Ambassadeur van Nederland,*
*Kaapstad*

---

## II

AMBASSADE DER NEDERLANDEN
Nr. 6582

Kaapstad, 21 Juni 1952.

Mijnheer de Minister van Buitenlandse Zaken,

Ik heb de eer Uwe Excellentie de goede ontvangst te bevestigen van Haar brief van heden, waarin Zij mededeelt, dat de Regering van de Unie van Zuid-Afrika de navolgende regeling inzake de visa heeft overwogen en goedgekeurd:

1. Die Regering van die Unie van Suid-Afrika sal gelas dat visums wat uitgereik word aan Nederlandse onderdane wat die Unie van Suid-Afrika of Suidwes-Afrika vir *bona fide* vakansie- en besigheids-doeleindes wil besoek, gratis uitgereik word.

2. Die Nederlandse Regering sal die visumvereiste geheel afskaf vir Suid-Afrikaanse burgers wat Nederland vir *bona fide* vakansie- en besigheids-doeleindes wens te besoek.

Hierdie reëling het slegs betrekking op toelating tot die Nederlandse Ryk in Europa.

3. Hierdie ooreenkoms onthef Suid-Afrikaanse burgers en Nederlandse onderdane nie van die verpligting om aan die geldende ver-

eistes ten opsigte van toelating, verblijf en werkverrigting te voldoen wanneer hulle na Nederland en Suid-Afrika onderskeidelik gaan nie. Persone wat nie in staat is om die immigrasie- en polisie-owerhede te oortuig, dat hulle aan die genoemde vereistes kan voldoen nie, stel hulself bloot aan die moontlikheid dat aan hulle bij aankoms toegang geweier word.

Ik ben door de Nederlandse Regering gemachtigd te verklaren, dat de Nederlandse Regering accoord gaat met de hierboven vermelde regeling en met het voorstel, dat Haar brief en mijn bevestigend antwoord daarop beschouwd zullen worden als een overeenkomst tussen onze beide Regeringen, die bindend zal blijven tot nadere kennisgeving, terwijl de regeling dertig dagen na de dagtekening van deze briefwisseling van kracht zal worden.

Gelief, Mijnheer de Minister van Buitenlandse Zaken, de hernieuwde verzekering van mijn bijzondere hoogachting te aanvaarden.

(w.g.) J. VAN DEN BERG

*Zijne Excellentie de Heer Minister*
*van Buitenlandse Zaken*
*te Kaapstad.*

---

G. INWERKINGTREDING

De bij deze notawisseling tot stand gekomen Overeenkomst is 21 Juli 1952 in werking getreden.

Uitgegeven de *vierde* September 1952.

*De Minister van Buitenlandse Zaken,*
J. W. BEYEN.